

11 April

Skrifgedeelte: Romeine 1:1-7

Fokusgedeelte: Romeine 1:1

God se goeie nuus

Paulus was baie opgewonde oor dit wat hy wou sê; oor dit wat hy móés sê! Hy val met die deur in die huis. Hy kan onmoontlik stilbly. Paulus, die dienaar van Christus Jesus het goeie nuus. Nie bloot goeie nuus oor iets wat vandag goeie nuus is en dalk môre maar ou nuus geword het nie. Die apostel dra God se goeie nuus oor iemand – die Verlosser wat intree in mense se lewens en harte.

In Romeine 1:1 sê Paulus in werklikheid van homself: “God het my vir Homself opsy gesit om sy blye boodskap te verkondig.” Hy bring nie sy dae lullekker deur nie. Hy is nie verveeld nie, inteendeel, hy is doelgerig en opgewonde om 'n boodskap te dra wat alles in 'n nietige mens verander.

Daar is 16 hoofstukke in die brief aan die Romeine en aan jou wat sê: Daar is goeie nuus wat werklik goed is. Die nuus is dat in Christus sonde vergewe word, selfsugtigheid oorkom word, skuld weggeneem word, angstigheid oorwin word en die lewe hoopvol aangepak kan word. Dit is die goeie nuus van verlossing, die nuus van God se Seun en van God se genade.

Die evangelie van God is so totaal anders. Dit is nie bloot goeie nuus van mense nie, maar God se goeie nuus vir die mens, vir jou! En 'n mens kan nie anders as om te wonder waarom God tog 'n goeie boodskap indra in 'n wêreld met mense wat Hom verwerp en verag nie. Nie een van ons verdien om dit te hoor nie, nog minder om daardeur verlos te word. Maar tog, wie het beter as Paulus geweet hoe goed hierdie boodskap werklik was?

Luister daarom nog eens na die evangelie van God en wees in Hom verblyd.

Sing: Psalm 32:1

Dr PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)